## VERWARRING OOR DIE MESSIAS 4

### Die Seun van Elohiem aan wie alle mag gegee is

Die vraag waarmee baie mense worstel, is: "In watter sin is Y'shua die Seun van Elohiem?" Het sy "Seunskap" te make met die unieke manier waarop Hy gebore is, of met die moontlikheid dat Hy 'n "Yahweh-natuur" in Hom het, of met die moontlikheid dat Hy reeds voor sy geboorte in een of ander vorm bestaan het, of met iets anders? Kom ons ondersoek die Skrif en probeer om by 'n antwoord op hierdie vraag uit te kom.

Die eerste aspek wat ons moet raaksien, is dat die titel "seun van Elohiem" nie eksklusief vir Y'shua die Messias gebruik is nie. Die Skrif praat van ander mense of wesens, wat ook as seuns van Elohiem bekend gestaan het. In Job 2:1 word die ***boodskappers*** van Yahweh (die engele) as "seuns van Elohiem" beskryf. In Shemot (Eksodus) 4:22 word die volk, ***Yiesraél***, die "seun" van Elohiem genoem en in 2 Shemuél 7:14 word ***Shelomoh*** (Salomo) 'n potensiële "seun" van Elohiem genoem ("Ek sal vir hom 'n Vader wees en hy sal vir my 'n seun wees"). In die parallelle gedeelte in 1 Kronieke 28:6-7 lees ons: "Ek het hom vir My as 'n seun verkies, en Ek sal vir hom 'n Vader wees ... as hy getrou my gebooie en my verordeninge onderhou, soos vandag." In Luk 3:38 word ***Adam*** die "seun van Elohiem" genoem en in Yahuganan (Joh) 1:12 word verduidelik hoedat ***gelowiges*** wat Y'shua aangeneem het, kinders (of seuns en dogters) van Elohiem kan word. Dit blyk dus, minstens in die geval van die boodskappers en Adam, dat "seun van Elohiem" 'n titel is wat gebruik word vir iemand wat nie sy bestaan te danke het aan die normale geboorteproses waarby twee ouers betrokke is nie. In al die ander gevalle blyk dit dat die titel "seun van Elohiem" niks te make het met hoe iemand gebore is nie, maar met 'n beskrywing of "status" wat aan iemand toegeken word op grond van die guns en verkiesing van Yahweh en mense se gehoorsaamheid. Daar is geen rede waarom ons in die Messias se geval die titel "Seun van Elohiem" as aanduiding moet sien dat Hy 'n soort "Yahweh-natuur" in Hom gehad het of dat Hy voor sy geboorte "in 'n ander vorm" bestaan het nie. Dit is duidelik dat dieselfde twee faktore as hierbo ook op die Messias van toepassing is, naamlik: (1) 'n Buitengewone geboorteproses en (2) 'n Status wat aan Hom toegeken is op grond van die feit dat Hy deur Yahweh verkies is en absoluut gehoorsaam was aan hierdie roeping.

Dit is opvallend dat die Messias nooit baie gretig was om die titel "Seun van Elohiem" vir Homself toe te eien nie (in die eerste 3 Evangelies gebruik Y'shua hierdie titel nie een keer vir Homself nie, maar gee Hy konsekwent voorkeur aan die titel "Seun van die mens"). Ander mense (selfs Satan en mense wat demoon-besete was, maar ook mense soos Yahuganan die Doper, Nataniël, Marta, die Hoofman oor honderd en Kefa / Petrus) het egter dikwels hulle vermoede of oortuiging uitgespreek dat Hy die Seun van Elohiem is. Lees 'n mens egter verder as die Evangelies, is daar 'n patroon wat baie duidelik na vore kom en dit is die volgende: **Y'shua die Messias is as die Seun van Elohiem erken, spesifiek vanweë die feit dat Hy uit die dood opgestaan het. Dit kom duidelik na vore in onder meer:**

**Rom 1:4-5** Y'shua die Messias, ons Meester, (wat met) krag verklaar is as die Seun van Elohiem deur die opstanding uit die dode, deur wie ons guns en die apostelskap ontvang het met die oog op geloofsgehoorsaamheid onder al die heidene ter wille van sy Naam.

**Rom 8:29** Want die wat Hy voorheen geken het, hulle het Hy ook voorheen verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broers;

**Gal 4:6** En omdat julle kinders is, het Elohiem die Gees van sy Seun ons julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!

**1Joh 5:12-13** Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van Elohiem nie het nie, het nie die lewe nie. Dit het ek geskryf aan julle wat glo in die Naam van die Seun van Elohiem, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het.

Daar is 'n interessante parallel tussen Rom 1:3-4 (hierbo) en Mattheus 28:18-20 (laasgenoemde is na die opstanding van die Messias uitgespreek en word tradisioneel as "bewys" van die bestaan van 'n Drie-eenheid gebruik):

| Matt 28:18-20 | Rom 1:3-4 |
|---|---|
| Aan My is gegee ***alle mag*** in die hemel en op aarde | Hy is ***met krag*** verklaar as die Seun van Elohiem |
| ***Gaan dan heen en maak dissipels*** | Deur wie ons die ***apostelskap***ontvang het |
| Leer hulle om ***alles te onderhou*** wat Ek julle beveel het | Met die oog op ***geloofsgehoorsaamheid*** |
| Van ***alle nasies*** | Onder ***al die heidene*** |
| In die ***Naam*** van die Vader en die Seun en die Afgesonderde Gees | Ter wille van sy (Y'shua se) ***Naam***. |

(**) Die gedeelte in die evangelies wat met Mattheus 28:18-20 ooreenstem, is Luk 24:47 waar ons die volgende verkorte weergawe aantref: "in sy (die Messias se) Naam moet bekering en vergewing van sondes verkondig word aan al die nasies". Daar is goeie rede om saam met talle uitstekende Skrifkenners te vermoed dat die formule in Mattheus 28, "in die Naam van die Vader, Seun en Afgesonderde Gees" (wat nêrens anders in die Skrif gebruik word nie) deur oorskrywers en amptenare van die kerk van die laaste gedeelte van die derde eeu en vroeë gedeelte van die vierde eeu, in hierdie teks ingevoeg is om groter gewig aan die leer van "Drie-eenheid" te gee, en dat dit nie deel van die oorspronklike woorde van die Messias was nie.

Wat ons duidelik uit al hierdie gedeeltes kan aflei, is dat dit veral die Messias se opstanding uit die dood is wat Hom van andere onderskei het en Hom as waardige draer van die titel "Seun van Elohiem" uitgewys het - die krag en die mag en die outoriteit wat Yahweh aan Hom verleen het om die DOOD te oorwin en as LEWENDE 'n posisie aan sy regterhand in te neem - dit wat geen gewone mens nog ooit kon vermag nie, want elke "seun van Adam" is aan die dood onderworpe. Dit is wat Hom (Y'shua) by uitnemendheid as "Seun van Elohiem" kwalifiseer.

Nou het hierdie Seun van Elohiem, die Een wat deur Yahweh self geroep en bekragtig en verhoog is, die sleutel verkry (deur sy opstanding) sodat ek en jy ook seuns en dogters van Elohiem kan word. Nie in die sin dat ons die dood sal vryspring nie, ook nie in die sin dat ons dadelik hemel toe sal gaan wanneer ons sterf nie. Nee, die loon van die sonde wat oor die hele wêreld en oor elke seun van Adam uitgespreek is, is nog steeds die DOOD - met al die verskrikking wat die dood inhou. Maar Y'shua het die

Eersteling geword van die wat in sy Naam sterf (d.w.s. van mense wat, voordat hulle te sterwe kom, die oortuiging en die belydenis in hulle harte het dat Y'shua die Seun van Elohiem is). As Y'shua met sy opstanding as Seun van Elohiem en as Eersteling bekragtig is, dan sal húlle ook met die groot Opstanding (tydens die tweede koms van die Messias) as seuns en dogters van Elohiem en as die volle oes van die nasies - dit waarvan die Eersteling 'n waarborg is - bekragtig word.

Galasiërs 4:6 verklaar dat Yahweh die gees (in hierdie konteks hoef ons nie "gees" met 'n hoofletter te skryf nie) van sy Seun in ons harte uitgestort het wat maak dat ons (net soos Y'shua) uitroep: Abba, oftewel Vader. Nou moet ons tog net nie op die Drie-eenheid "jollielorrie" spring en probeer om in hierdie vers 'n "bewys" te sien dat Vader, Seun en Afgesonderde Gees "drie persone, maar een wese" is nie. Nee, hier het ons 'n kragtige bevestiging van die Skriftuurlike waarheid dat Y'shua as die (ondergeskikte) Seun van Yahweh vir ons die weg gebaan het sodat ons ook soos Hy, die aanneming tot kinders, en die erfporsie wat daarmee saamgaan, uit die hand van die Vader kan ontvang. Om dit vir ons 'n beleefbare realiteit te maak, het Yahweh dieselfde gees (van hunkering na die Vader) wat daar by Y'shua, die eersteling Seun van Elohiem was, ook in ons harte uitgestort, sodat ons daagliks op hierdie onbeskryflike vooruitsig kan fokus.